**Donderdag 26 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11 |
|---|---|

## Ons het geen vrees vir die dood nie (1)

*Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.*

Ons sing en glo soms dinge wat oënskynlik teenstrydig is. Adventstyd hoor ons dikwels die lied wat sê dat die Heiland in Betlehem gebore is en dat ons ons stem by dié voeg van die blye engelesang wat dit aangekondig het. Daarteenoor sing ons in Psalm 89-1:7 weer van die dood!

Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,
Hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
*Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?*
*Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.*
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde
Na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.

Hoe kom die dinge van blydskap en dood bymekaar uit? Die antwoord is: Deur die koms van die Here Jesus. Die Bybel is die enigste plek waar ons die Here se openbaring oor wat met ons gebeur wanneer ons sterf en daarna, kan kry – en waar ons oor dié dinge getroos kan word. Dit het begin toe die woorde van die Here geval het dat ons van die sondeval af die doodstraf oor ons sondes het, en dat die aarde vervloek is om ons ontwil. Van daardie oomblik af het ons nie meer vrye toegang na die Here toe gehad nie. Ons ongeregtighede moet nou eers gestraf word voordat ons vrede met God kan hê.

Die Here het voorsien dat daar iets gebeur dat ons gesond kan word, dat ons uit die ewige doodstraf wat op ons gelê is, kan uitkom en weer kan lewe – hierdie keer tot in ewigheid. *Dit is ons troos: Hy gaan ons opwek uit die dood.* Luister hoe reguit en helder word dit beskryf in Romeine 8:11: *En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon* (1953-vertaling).

*Sing: Psalm 103-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*